

## Regulasies vir portuur-na-portuur-leerondersteuning

<b>Dokumentnommer</b>	
<b>HEMIS-klassifikasie</b>	
<b>Doel</b>	Om die praktyke ten opsigte van die aanstelling en gebruik van studente vir onderrig- en leerondersteuning te reguleer
<b>Soort dokument</b>	Regulasies
<b>Toeganklikheid</b>	Intern
<b>Inwerkingtredingsdatum</b>	2020
<b>Hersieningsfrekwensie</b>	Elke vyf tot ses jaar
<b>Vorige hersienings</b>	Dit is die eerste weergawe van 'n <b>nuwe regulasie</b>
<b>Eienaar van regulasie</b>	Viserektor: Leer en Onderrig
<b>Goedgekeur deur</b>	Goedgekeur deur Komitee vir Leer en Onderrig op 20 Augustus 2020
<i>Die Engelse weergawe van hierdie regulasie is die werkende weergawe en die Afrikaans is 'n vertaling daarvan.</i>	

## Inhoudsopgawe

1.	Inleiding .....	3
1.1	Wêreldwye, nasionale en institusionele konteks .....	3
1.2	Vertrekpunte .....	3
2.	Implementering .....	5
3.	Definisies.....	5
3.1	Portuuronderrig/aanvullende onderrig .....	5
3.2	Primêre onderrig .....	6
3.3	Sekondêre onderrig.....	6
3.4	Formatiewe assessering.....	6
3.5	Summatiewe assessering .....	6
4.	Doel van die regulasies .....	6
5.	Doelwitte van regulasies .....	6
6.	Bepalings.....	7
6.1	Benaming en rolle .....	7
6.2	Assessering .....	9
6.3	Kriteria vir die werwing en keuring van portuurfasiliteerders.....	9
6.4	Opleiding .....	10
6.5	Aanstelling en vergoeding.....	10
6.6	Studenteterugvoer en evaluering .....	11
6.7	Portuurfasiliteerderbepelings.....	11
7.	Verantwoordelikhede ten opsigte van die implementering van die regulasies ..	12
7.1	Dekane/adjunkdekane (onderrig).....	12
7.2	Departementele voorsitters.....	12
7.3	Modulekoördineerder/koördinerende dosent .....	12
7.4	Komitee vir Leer en Onderrig.....	12
8.	Konflikhantering.....	12
9.	Basiese en stawende dokumente .....	13

# 1. Inleiding

## 1.1 Wêreldwye, nasionale en institusionele konteks

Portuur-tot-portuur-fasilitering<sup>1</sup> is histories gesproke 'n noodsaaklike deel van onderrig en leer aan die Universiteit Stellenbosch (US). Onlangse plaaslike en wêreldwye gebeurtenisse dien om die belangrikheid van en behoefte aan hierdie onderrig- en leermeganisme te bevestig. Hoër onderwys word op wêreldvlak deur toenemende deelname uitgedaag, wat weer beduidende druk op hulpbronne en personeelkapasiteit plaas (Burgoyne, Jansen & Smit 2009). Nasionaal het die sektor te make met relatief swak prestasie deur studente (Schreiber & Yu 2016; Scott, Yeld & Henry 2007) en ongelyke deelname (Frade 2017) – wat albei uitgebreide ingryping vereis. In die konteks van die Universiteit Stellenbosch (US) skep die *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* die institusionele stukrag vir die gebruik van ingrypings soos portuur-tot-portuur-fasilitering deur nie net op die transformasie van studentesuksestendense te fokus nie, maar ook op groei en die ontwikkeling van gegraduatees se eienskappe, uiteindelik vir die beswil van die samelewing. Die transformasie van die US se studentevervaring word weer gefasiliteer deur die strategiese visie van 'n leeromgewing wat berus op ervarings wat kennis bou en op leer gesentreerd is.

Die wêreldwye en nasionale imperatiewe wat instellings noop om portuur-tot-portuur-fasilitering te benut, kan die indruk skep dat hierdie soort tussenkoms 'n risikobestuursingryping is. Dit kan weer lei tot onderrig- en leerbenaderings wat 'n negatiewe siening van studente het (Smit 2012; Coleman 2016; CHE 2017). Die US se perspektiewe (soos uitgedruk in die *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*) stel dit duidelik dat positiewe bereiking eerder as risikobestuur die primêre motiveerder in die keuse van onderrig- en leermeganismes moet wees. Die positiewe impak van portuur-tot-portuur-fasilitering by die US is deur die onlangse Howie-verslag (2018) bevestig. Dit het die kritieke rol geïdentifiseer wat hierdie fasiliteerder in leerfasilitering speel (2018:19).

Daar is ook voldoende nasionale en internasionale bewyse beskikbaar wat dui op die potensiaal van portuuronderrig om 'n positiewe impak op studente se leer ten opsigte van die ontwikkeling van die nodige akademiese bevoegdhede (McKay 2016), verbeterde akademiese prestasie (Holliday 2012; Arco-Tirado, Fernández-Martín & Hervás-Torres 2019) en die ontwikkeling van beduidende eienskappe by gegraduatees (Stigmar 2016; Tang, Hernandez & Adams 2010) te maak.

## 1.2 Vertrekpunte

Die volgende is die vertrekpunte van hierdie regulasies in die nastrewing van uitnemende portuurfasilitering.

---

<sup>1</sup> In hierdie dokument word portuur-tot-portuur-fasilitering gebruik as 'n allesomvattende omskrywing om akademiese mentorskap sowel as tutoraktiwiteite in te sluit. Die dokument gebruik verder “portuuronderrig” of “portuurfasilitering” om te verwys na wat gewoonlik by die US “tutorwerk” genoem word.

- Soos met alle ander leer- en onderrigaktiwiteite by die US, moet die instelling voortdurend daarna streef om uitnemende en leergesentreerde <sup>2</sup> portuurfasiliteringservarings vir studente te lewer.
- Portuur-tot-portuur-fasiliteerders is vennote (nie instrumente nie) in die lewering van leer- en onderriggeleenthede aan die US.
- Portuurfasilitering maak 'n belangrike bydrae tot studente se betrokkenheid, leer (Clarence 2016) en sukses (Arco-Tirado, Fernández-Martín & Hervás-Torres 2019).
- Vir 'n optimale bydrae tot studente leer moet portuurfasilitering deel van 'n doelbewuste onderrig-leerstrategie wees, eerder as bloot die voortsetting van praktyke wat ontvang is (Faroa 2017). Dit beteken altyd dat daar 'n duidelike begrip van die doel van portuuronderrig in 'n spesifieke module moet wees.
- As deel van die leer-onderrigstrategie moet portuurfasilitering op dieselfde reëlmatige, besinnende en kritiese manier as ander leer-onderrigpraktyke bestudeer word om gehalte, doeltreffendheid en effektiwiteit te verseker.
- Om die maksimum impak van portuuronderrig te verseker, moet portuurfasiliteerders toepaslike opleiding en leiding ontvang (Clarence 2016; Layton & McKenna 2015; Underhill & MacDonald 2010).
- Portuuronderrig bevorder studente se leer die doeltreffendste wanneer dit as deel van 'n leer/kennis-gesentreerde benadering (teenoor 'n beperkte onderriggewer- of leerder-gesentreerde benadering) aangewend word.
- Portuur-tot-portuur-fasilitering is nie bloot 'n voortsetting van die aktiwiteite waarby dosente betrokke is nie. Wanneer senior studente die verantwoordelikheid gegee word om die dosent se onderrigaktiwiteit voort te sit, word daar verkeerdlik aanvaar dat leer 'n uiters lineêre proses van die oordrag van kennis is (Topping 2005:631). Topping (2005) wys daarop dat daar 'n kwalitatiewe verskil tussen die leerinteraksies van studente en portuurfasiliteerders en studente en professionele onderriggewers/dosente is (of moet wees).
- Portuur-tot-portuur-fasiliteerders moet toepaslik opgelei word om hulle funksies uit te voer (Arco-Tirado, Fernández-Martín & Hervás-Torres 2019; Frade 2017).
- Hoewel portuuronderriggewers by generiese opleiding baat, is daar ook 'n noodsaaklike bydrae wat uit die spesifieke dissipline self gemaak moet word (Hassan 2017). Die bydrae deur die dissipline word waarskynlik die beste deur gereelde en beplande kontak tussen aangestelde portuurfasiliteerders en dosente gemaak.
- Ten einde toepaslike opleiding te verskaf, is 'n duidelike begrip van die leerrol van die portuurfasiliteerders nodig (Clarence 2016).
- Talle navorsingsbevindings (byvoorbeeld ACE/AAUP 2000; Gurin, Dey, Gurin & Hurtado 2002) dui daarop dat ervarings van diversiteit beduidende leervoordele inhou. Portuuronderrig wat aan studente sulke ervarings bied, moet aangemoedig word.

---

<sup>2</sup> Onlangse navorsing (Bremner 2019) dui daarop dat die konseptualisering van 'n benadering tot onderrig en leer as "leer-gesentreerd" 'n siening toelaat wat die beste elemente van onderriggewer- en leerder-gesentreerde benaderings inkorporeer en kontekstueel-toepaslike pedagogiek bevorder (2019:63).

## 2. Implementering

- Die Universiteit in die geheel moet hierdie regulasies implementeer, en dit geld vir alle personeel en studente.
- Hierdie regulasies geld vir portuur-tot-portuur-fasilitering in formele akademiese kontekste (sien definisies). Navorsingsassistentskappe word van hierdie regulasies uitgesluit.
- Hoewel die belangrike rol van portuur-tot-portuur-interaksies in ko-kurrikulêre kontekste erken word, is die doel van hierdie regulasies nie om hierdie interaksies te hanteer nie.
- Waar daar geen regulasies vir portuuronderrig bestaan wat deur fakulteite goedgekeur is nie, moet fakulteite sodanige regulasies ontwikkel wat met die institusionele regulasies bely is en dit deur fakulteitsrade laat goedkeur.
- Ten einde die implementering van hierdie regulasies te ondersteun, moet fakulteite die templaar in aanhangsel B invul en dit aan die Komitee vir Leer en Onderrig voorlê.
- Die implementering van regulasies moet ingefaseer word (waar nodig). Alle regulasies moet vanaf die begin van die 2021- akademiese jaar toegepas word.

## 3. Definisies

Die omskrywings hieronder dui aan hoe spesifieke konsepte in hierdie regulasies gebruik word. Indien dit omskrywings weerspreek wat in ander bestuursdokumente toegepas word, sal die definisies in hierdie dokument gewysig word om te verseker dat dit met hierdie ander dokumente bely is.

### 3.1 Portuuronderrig/aanvullende onderrig

Portuurfasiliteerders<sup>3</sup> is betrokke by portuuronderrig om studente se konstruksie van kennis en die verwerwing van vaardighede aktief te ondersteun (Topping 2005). Hulle sosiale status stem ooreen met dié van die studente wat hulle ondersteun en hulle onderrig nie nuwe materiaal nie (Stigmar 2016). Hoewel hulle sosiale status ooreenstem met dié van die studente wat hulle ondersteun, het hulle 'n baie groter vlak van kundigheid bereik as die studente wie se leer hulle fasiliteer (Johansson, Holmin, Johansson & Braide 2018). Daar word aanvaar dat portuuronderrig op 'n wedersydse interaksie uitloop waaruit die student en die fasiliteerder voordelige leerervarings kan verkry (Boud 2001; Ashwin 2003; Micari, Streitwieser & Light 2006).

Hierdie regulasies verwys ook na portuuronderrig as 'aanvullende' onderrig om dit van primêre en sekondêre onderrig te onderskei (sien hieronder). Terwyl hierdie onderskeid

---

<sup>3</sup> In 'n oorsig van navorsing oor portuurfasilitering het Stigmar (2016) verskillende konseptualiserings van portuurfasiliteerders gevind wat in sommige gevalle van mekaar onderskei word, terwyl hulle in ander gevalle uitruilbaar gebruik word. Die Howie-verslag (2018) het ook op die oorvleueling van konseptualisering en praktyk by die US gewys. Ten spyte van hierdie konseptuele vaagheid, word sommige eienskappe algemeen deur die meeste navorsers voorgehou. Hierdie eienskappe word ingesluit by die definisie wat in hierdie dokument gebruik word.

verwarring kan veroorsaak, veral as dit uit die perspektief van uittreep praktyke gesien word, is dit 'n belangrike onderskeid vir die ontwikkeling van 'n raamwerk om die potensiële risiko's te bestuur wat uit die gebruik van portuurfasiliteerders voortvloei.

Aanvullende onderrig is enige vorm van leerfasilitering wat nie die eerste lewering van voorgeskrewe inhoud of 'n herhaling van hierdie eerste lewering is nie, en bied bykomende of verdere verduidelikings of oefening van wat in die eerste lewering verskaf is. Dit kan kleingroepbesprekings, ondersteuning van studente om voorafgedefinieerde probleme op te los, verskaffing van tegniese ondersteuning aan studente in laboratoriums, individuele of groepkonsultasies en die verskaffing van terugvoer oor assesserings insluit. As sodanig sluit hierdie regulasies die tradisionele poskategorieë van 'demi' (praktiese demonstreerder), 'praktiese assistent' en 'tutor' onder die algemene benaming van 'portuurfasiliteerder' in.

In hierdie regulasies moet daar tussen portuurfasilitering en portuuronderrig (Mazur 1997) onderskei word. Eersgenoemde verwys na die geformaliseerde aanstelling van 'n portuurgroep (of feitlike portuurgroep) om studente se leer te ondersteun/fasiliteer, terwyl laasgenoemde verwys na situasies waar studente by koöperatiewe leer betrokke raak om dieselfde leeruitkomst te bereik.

### 3.2 Primêre onderrig

Die eerste lewering van voorgeskrewe inhoud tydens normaal geskeduleerde kontakgeleentheid (meestal tydens lesingperiodes of afstandsessies).

### 3.3 Sekondêre onderrig

Sekondêre onderrig is 'n herhaling van die eerste lewering van voorgeskrewe inhoud. Dit verwys tipies na 'n situasie waar 'n lesing reeds aangebied is, maar herhaal moet word. Voorbeelde hiervan is relatief skaars by die US.

### 3.4 Formatiewe assessering

Formatiewe assessering is 'n proses wat inligting oor 'n student se vordering verskaf, asook die geleentheid bied om die vereiste vaardighede/kennis te ontwikkel. Die doel van formatiewe assessering is om studente se leer te verbeter.

### 3.5 Summatiewe assessering

Assessering met die doel om oordele oor studente se leer te vel. Die oordeel is nodig om besluite oor studente se vordering te neem, byvoorbeeld vir promovering of sertifisering. Hierdie besluite word gewoonlik aan die hand van die een of ander norm of standaard geneem.

## 4. Doel van die regulasies

Die doel van hierdie regulasies is om onderrig en leer by die US te verbeter deur die parameters van die rolle van portuurfasilitering uiteen te sit.

## 5. Doelwitte van regulasies

- Om onderrig en leer by die US te verbeter
- Om die gehalte van formele portuur-tot-portuur-, module-gebaseerde betrokkenheid te verseker

- Om die blootstelling van portuurfasiliteerders aan die risiko's van onbillike verwagtinge en praktyke te beperk
- Om die potensiele risiko's vir die instelling te beperk wat uit portuur-tot-portuur-interaksie voortspruit

## 6. Bepalings

### 6.1 Benaming en rolle

Die US moet om verskeie redes 'n gedeelde stel omskrywings van al die funksies wat deur portuurfasiliteerders uitgevoer word, aanvaar. Hierdie redes sluit in die opklaring van studente se verwagtinge oor fakulteite heen, verheldering van die beperkings van portuurfasiliteerders se verantwoordelikhede, versekering van ooreenstemmende leerervarings in al die fakulteite, en die verskaffing van opleidingsmateriaal aan portuurfasiliteerders.

Die benamings hieronder word in hiërargiese volgorde omskryf. Op dieselfde manier as waarop die US se akademiese loopbaanvorderingsvlakke toenemend komplekse verantwoordelikhede aandui, dui die volgorde van die kategorieë hieronder toenemend komplekse verantwoordelikhede aan.

Hieronder is vier kategorieë van portuurfasiliteerders wat deur die US aangestel sal word. Die bepalings wat hieronder uiteengesit word, verskaf die parameters waarbinne hulle verantwoordelikhede in werking gestel word (sien aanhangsel A vir 'n opsomming en vergelyking). Fakulteite moet konteks-spesifieke riglyne ontwikkel wat belyn is met die omskrywings wat hieronder uiteengesit word.

6.1.1 'n **Module-assistent** hanteer slegs administratiewe en/of module-ondersteuningsfunksies. Dit kan insluit, maar word nie beperk nie tot die voorbereiding van klaslyste, die toewysing van studente aan klein groepe, die oplaai van materiaal op SUNLearn of ander platforms wat in die spesifieke module gebruik word, die voorbereiding van video's/podsendings/PowerPoint-skyfies, oudiovisuele steun in die klas, en toesighouding by toetse.

Die module-assistent se verantwoordelikhede sluit nie onderrig- en leerinteraksie met studente, die ontwikkeling van onderrig- en leermateriaal en assessering (summatief en formatief) van studente se leer in nie.

6.1.2 'n **Leerassistent** se rolle kan 'n paar administratiewe funksies insluit soos dié wat onder die verantwoordelikhede van module-assistente uiteengesit word. Die primêre rol van die leerassistent is egter om studente se leer te ondersteun. Dit kan insluit, maar is nie beperk nie tot die ondersteuning van studente tydens praktiese klasse, die fasilitering van kleingroepbesprekings, die lei van studente om voorgeskrewe probleme/oefeninge op te los, en studentekonsultasies.

Die leerassistent se verantwoordelikhede sluit nie primêre onderrig, sekondêre onderrig, die ontwikkeling van leermateriaal vir studente, en die summatiewe assessering van studente se leer in nie (dit sluit die ontwikkeling van summatiewe assesserings en die nasien van hierdie assesserings in). Indien leerassistent by formatiewe assessering betrokke is, moet daar aan die voorskrifte van die US se

assesseringsbeleid voldoen word, insluitend die vereiste dat die leerassistent toepaslike opleiding moet ontvang.

6.1.3 'n **Onderrigassistent** se rolle kan dié van 'n leerassistent insluit. Benewens hierdie take kan die onderrigassistent se verantwoordelikhede insluit, maar word nie beperk nie tot die ontwikkeling van formatiewe oefeninge en oplossings (maar sluit die skedulering van sulke formatiewe geleenthede uit – dit bly die verantwoordelikheid van die dosent/modulekoördineerder), sekondêre onderrig (al sulke gevalle moet deur die koördinerende dosent van die module goedgekeur word), en beperkte primêre onderrig (sien beperkings hieronder).

Die onderrigassistent se verantwoordelikhede sluit nie die opstel van summatiewe assesserings in nie. Onderrigassistente mag slegs 'n beperkte bydrae tot die nasien van summatiewe assesserings maak. As deel van die implementering van hierdie regulasies moet fakulteite duidelike riglyne ontwikkel wat die beperkings van onderrigassistente se betrokkenheid by summatiewe assessering aandui, asook die toesighouding en moderering wat nodig is sodat hulle by assesserings betrokke kan raak. 'n Duidelike onderskeid moet gemaak word tussen nasienwerk wat slegs 'n memorandum vereis met antwoorde wat slegs 'n enkele moontlikheid het, en nasienwerk wat vertolkende insette van die onderrigassistent vereis. Die onderrigassistent se betrokkenheid by laasgenoemde moet beperk word.

Onderrigassistente moet opleiding ontvang wat vir hulle betrokkenheid by formatiewe en summatiewe assessering toepaslik is.

Primêre onderrig van meer as 15% van 'n module word ook by die verantwoordelikhede van die onderrigassistent uitgesluit. Alle gevalle van portuurfasiliteerders wat by primêre onderrig betrokke is, moet deur die voorsitter van die departement verantwoordelik vir die betrokke module goedgekeur word. In gevalle waar 'n ad hoc-aanstelling nodig is vir die primêre onderrig van meer as 15% van 'n module, moet so 'n aanstelling deur die fakulteit se normale aanstellingsprosedures hanteer word.

6.1.4 'n **Assesseringsassistent** se rolle kan 'n paar administratiewe funksies insluit soos dié wat onder die verantwoordelikhede van module-assistente uiteengesit word. Die primêre rol van die assesseringsassistent is om dosente te help om modules te assesseer. Dit sluit in om formatiewe assesserings op te stel en na te sien, aan studente assesseringssterugvoer te gee en summatiewe assesserings na te sien. As deel van die implementering van hierdie regulasies moet fakulteite duidelike riglyne ontwikkel wat die beperkings van assesseringsassistente se betrokkenheid by summatiewe assessering aandui, asook die toesighouding en moderering wat nodig is sodat hulle by assesserings betrokke kan raak. Terwyl die assesseringsassistent bykomende kapasiteit verskaf om hoëgehalte-assessering te verseker, bly die verantwoordelikheid van studente se assessering dié van die aangestelde akademikus.

Assesseringsassistente moet opleiding ontvang wat vir hulle betrokkenheid by formatiewe en summatiewe assessering toepaslik is (sien 6.4 hieronder).

Die assesseringsassistent se verantwoordelikhede sluit nie die opstel van summatiewe assesserings, primêre, sekondêre en aanvullende onderrig in nie.



## 6.2 Assessering

Geen portuur-tot-portuur-fasiliteerder mag formatiewe of summatiewe assessering hanteer sonder toepaslike opleiding, toesig en moderering soos deur die US se assesseringsbeleid vereis word, en die goedkeuring van die betrokke hoof van die departement/voorsitter van die departement/direkteur nie. Betrokkenheid by assessering sluit in die opstel van assesserings, nasien van assesserings, gee van terugvoer en moderering van assesserings. Dit is die verantwoordelikheid van die fakulteit of sentrum wat die module huisves om te verseker dat portuur-tot-portuur-fasiliteerders wat by enige vorm van assessering of moderering betrokke is die vereiste bevoegdheid het.

Portuurfasiliteerders mag nie enige assesseringsuitslae aan derde partye beskikbaar stel nie. Assesseringsresultate mag slegs deur goedgekeurde institusionele/departementele/fakulteitsprosesse aan studente beskikbaar gestel word.

## 6.3 Kriteria vir die werwing en keuring van portuurfasiliteerders

Die volgende algemene riglyne is van toepassing op alle portuur-tot-portuur-fasiliteerders wat by die US aangestel word:

- Portuurfasiliteerders mag nie aangestel word om ondersteuning te verskaf vir 'n module waarvoor hulle geregistreer is nie.
- Portuurfasiliteerders moet die nodige taalvaardigheid hê om aan die taalspesifikasies van die module te voldoen en voldoende steun aan studente te verskaf. As deel van die US se pogings om meertaligheid te bevorder, word departemente aangemoedig om portuurfasiliteerders aan te stel wat ander Suid-Afrikaanse tale as slegs Engels en Afrikaans magtig is.

Die volgende kategorie-spesifieke vereistes geld voorts:

**Module-assistente** mag nie administratiewe bystand verleen vir modules waarvoor hulle geregistreer is nie. Hulle moet oor die bevoegdhede beskik wat vir hulle take vereis word en soos dit gespesifiseer word deur die departement/sentrum wat die module aanbied.

**Leerassistent** moet met ten minste een jaar die senior wees van die studente wat hulle ondersteun (hoewel afdelings/departemente/sentrums selfs groter senioriteit kan vereis). Hulle moet die module waarin hulle ondersteuning verskaf, suksesvol voltooi het tot op die vlak wat gespesifiseer word deur die departement wat die module huisves, of voldoende kundigheid in 'n verwante dissipline hê, soos deur die gasheerdepartement vereis word.

**Onderrigassistent** moet met ten minste een jaar die senior wees van die studente wat hulle ondersteun (hoewel afdelings/departemente/sentrums selfs groter senioriteit kan vereis). Hulle moet die module waarin hulle ondersteuning verskaf, suksesvol voltooi het tot op die vlak wat gespesifiseer word deur die departement/sentrum wat die module huisves, of voldoende kundigheid in 'n verwante dissipline hê, soos deur die gasheerdepartement vereis word. Indien hulle by primêre onderrig betrokke is, moet

hulle geregistreer wees vir ten minste 'n nagraadse kwalifikasie in die dissipline (of verwante dissipline) wat hulle gaan onderrig.

**Assesseringsassistent** moet met ten minste een jaar die senior wees van die studente wat hulle ondersteun (hoewel afdelings/departemente/sentrums selfs groter senioriteit kan vereis). Hulle moet die nodige kennis van die dissipline hê om die assesseringsvrae na te sien. Fakulteite moet duidelike kriteria saamstel om die bevoegdheid van assesseringsassistent in die dissipline aan te dui.

#### 6.4 Opleiding

Alle leerassistent, onderrigassistent en assesseringsassistent moet goedgekeurde opleiding ontvang voordat hulle met hulle pligte begin.

Fakulteite moet minimum opleidingskriteria vir bostaande kategorieë ontwikkel, en departemente se voorsitters moet seker maak dat slegs diegene wat aan hierdie kriteria voldoen in die rolle hierbo aangestel word.

Indien leer-, onderrig- of assesseringsassistent by assessering betrokke is, moet hulle voorbereiding toepaslike assesseringsopleiding insluit.

Benewens formele opleiding, moet dosente gereelde, geskeduleerde interaksie met leer-, onderrig- en assesseringsassistent hê om deurlopende opleiding te verseker.

#### 6.5 Aanstelling en vergoeding

Die volgende is op die aanstelling en vergoeding van portuurfasiliteerders van toepassing:

- Ongeag die fakulteit moet die beginsel van “dieselfde werk, dieselfde betaling” geld. Portuurfasiliteerders moet dus vergoed word vir die werk wat hulle doen, nie vir die vlak van hulle kwalifikasies nie. Ten einde dit te bewerkstellig, vereis hierdie regulasies dat alle portuur-tot-portuur-fasiliteerders skriftelik aangestel word in een van die kategorieë wat in 6.1 omskryf word.
- Geen portuurfasiliteerder mag meer as 32 (veronderstelde) uur diens per maand per module lewer nie (diens sluit voorbereiding vir leerfasilitering sowel as leerfasiliteringsaktiwiteite in).
- Geen portuurfasiliteerder mag vir diens in meer as twee modules tegelyk aangestel word nie.
- Die doel van die beperkings hierbo (32 uur diens per maand en 'n maksimum van twee gelyktydige assistentskappe) is om te verseker dat aanstellings as assistente nie 'n negatiewe impak op geregistreerde studente se primêre akademiese verantwoordelikhede het nie. Waar assistente aangestel word wat nie geregistreerde studente is nie, of M- en PhD-studente is wat hulle akademiese verantwoordelikhede voltooi het en op graduering wag, kan hierdie perke uitgebrei word. Enige sodanige veranderinge aan perke moet deur departementele voorsitters/direkteure goedgekeur word. Die finale ooreenkoms tussen die departement en die assistent moet steeds op skrif gestel word en die ure wat verwag word, moet gespesifiseer word.

- Ongeag die aard van die aanstelling moet alle portuurfasiliteerders 'n formele skriftelike en ondertekende ooreenkoms met die departement hê wat ten minste die kategorie van die aanstelling (volgens hierdie dokument), getal uur se werk per maand, tydperk van aanstelling, duidelike uiteensetting van verantwoordelikhede en vereistes vir aanstelling (byvoorbeeld opleiding, gereelde ontmoetings met verantwoordelike dosent, ens.) aandui.
- Ongeag die aard van die aanstelling moet alle portuurfasiliteerders vergoed word aan die einde van elke maand waarin hulle gewerk het.

Die volgende **minimum** tariewe (2020) geld per kategorie van aanstelling:

Rolle	Uurlikse tarief	Posvlakekwivalent
Module-assistent	R80,31	90% van basisvergoeding van posvlak 13
Leerassistent	R96,46	90% van basisvergoeding van posvlak 12
Onderrigassistent/assesseringsassistent	R107,17	100% van basisvergoeding van posvlak 12

Hierdie koerse is op die basisvergoeding vir PASS-posvlakke gegrond. Dit moet jaarliks aangepas word wanneer vergoeding vir die ekwivalente posvlak gewysig word.

## 6.6 Studenteterugvoer en evaluering

Wanneer leerassistenten en onderrigassistenten deur middel van primêre onderrig en sekondêre onderrig by die fasilitering van studente se leer betrokke raak, moet formele terugvoer oor hulle insette van studente verkry word op dieselfde tydstip as waarop terugvoer vir die module verkry word. Indien hulle by aanvullende onderrig/portuur-tot-portuur-fasilitering betrokke is, word die verkryging van terugvoer vir formatiewe doeleindes aangemoedig.

## 6.7 Portuurfasiliteerderbepelings

- Geen portuurfasiliteerder mag materiaal wat ontwikkel is vir die modules waarin hulle as assistente aangestel is, in betaalde, privaat tutorlesse gebruik nie. Privaat tutorwerk sluit in enige vorm van (niedepartementele) betaalde interaksie wat nie uitdruklik in die ooreenkoms tussen 'n departement en die portuurfasiliteerder uiteengesit word nie.
- Alle materiaal waartoe portuurfasiliteerders toegang kry om hulle pligte uit te voer, bly die eiendom van die US en mag nie gebruik of gekopieer word vir ander doeleindes as waarvoor hulle deur die US aangestel is nie.

- Alle assesseringsmateriaal waartoe portuurfasiliteerders toegang kry (soos memorandum) bly vertroulik en moet as sodanig hanteer word totdat die verantwoordelike dosent uitdruklik die teendeel aandui.
- Portuurfasiliteerders moenie toegang tot individuele studente se inligting hê of enige student se inligting aan derde partye verskaf nie.

## 7. Verantwoordelikhede ten opsigte van die implementering van die regulasies

### 7.1 Dekane/adjunkdekane (onderrig)

- Verseker dat fakulteite gekontekstualiseerde riglyne vir portuurfasilitering ontwikkel. Dit moet in lyn wees met hierdie institusionele riglyne en omskrywings van die verantwoordelikhede van die verskillende kategorieë portuurfasiliteerders, kriteria vir die aanstelling van portuurfasiliteerders, die minimum opleidingskriteria vir portuurfasiliteerders en die vergoedingsvlakke vir verskillende kategorieë portuurfasiliteerders insluit.

### 7.2 Departementele voorsitters

- Verseker dat alle aangestelde portuurfasiliteerders toepaslik opgelei is voordat hulle met hulle pligte begin.
- Keur alle gevalle goed van onderrigassistent wat by primêre onderrig betrokke is en verseker dat die verhouding onder die drempel van 15% bly.

### 7.3 Modulekoördineerder/koördinerende dosent

- Keur alle gevalle goed van portuurfasiliteerders wat by aanvullende onderrig betrokke is.
- Hou toesig oor en modereer portuurfasiliteerders se betrokkenheid by formatiewe en summatiewe assessering.
- Ontwikkel strategieë vir die gebruik van portuurfasilitering (waar portuurfasilitering gebruik word) om studente se leer in hulle module/s te bewerkstellig.
- Skeduleer gereelde interaksie met portuurfasiliteerders (waar toepaslik) om die vereiste insette in die dissipline te verskaf wat nodig is om studente se leer suksesvol te ondersteun. Dit is 'n belangrike deel van die deurlopende opleiding/leer van portuurfasiliteerders.

### 7.4 Komitee vir Leer en Onderrig

- Moniteer die vertolking, kontekstualisering en implementering van die regulasies.
- Verseker dat hierdie regulasies vyf jaar ná die implementering daarvan (in 2025) hersien word.

## 8. Konflikhantering

- Hierdie regulasies is onderhewig aan die voorskrifte van die US se ander bestuursdokumente. Waar teenstrydighede of botsings voorkom, moet hierdie

regulasies aangepas word om met ander bestuursdokumente van die US ooreen te stem. Alle sodanige wysigings moet deur die Komitee vir Leer en Onderrig goedgekeur word.

- Dekane/hoofde van sentrums mag behoorlik gemotiveerde versoeke om van die beleid af te wyk aan die Komitee vir Leer en Onderrig voorlê vir oorweging.

## 9. Basiese en stawende dokumente

Die volgende dokumente het ook betrekking op portuurfasilitering. In talle gevalle stel hulle die maatstaf vir portuurfasiliteringspraktyke daar.

- a) Beleid oor onderrig en leer
- b) Assesseringsbeleid en -praktyke aan die US
- c) Regulasie vir interne en eksterne moderering en die afhandeling van uitslae

Dr. G Young (Sentrum vir Onderrig en Leer)

Mei 2020

### Taakgroeplede

Dr G Young (Sentrum vir Onderrig en Leer – sameroeper); me M de Villiers (Fakulteit Teologie); mnr B Greenhalgh (Fakulteit Regte); mnr N Kramm (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe); dr A Louw (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe); me C Smit (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe); me K Wirth (Fakulteit AgriWetenskappe)

**Bykomende bydraes** deur prof R du Preez (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe); prof G Quinot (Fakulteit Regte); prof I Rewitzky (Fakulteit Natuurwetenskappe), mnr P Janse van Rensburg (Fakulteit Letter en Sosiale Wetenskappe); mnr MJ Brooks (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe); me M van den Worm (Fakulteit Natuurwetenskappe)

### Opsomming van portuur-tot-portuur-fasiliteerderrolle per aanstellingskategorie

	<b>Module-assistent</b>	<b>Leerassistent</b>	<b>Onderrigassistent</b>	<b>Assesseringsassistent</b>
Module-administrasie	Administrasie van module, insluitend byhou van klaslyste, samestelling van tutor-/praktiese groepe, oplaai van administratiewe inligting op SUNLearn, oplaai van leermateriaal (deur dosent verskaf) op SUNLearn	Dieselfde as module-assistent, hoewel leerfasilitering eerder as administrasie die primêre funksie van leerassistentente moet wees	Dieselfde as module-assistent, hoewel leerfasilitering eerder as administrasie die primêre funksie van onderrigassistentente moet wees	Dieselfde as module-assistent, hoewel assesserings eerder as administrasie die primêre funksie van assesseringsassistentente moet wees
Primêre onderrig	Geen onderrigverantwoordelikhede nie	Geen onderrigverantwoordelikhede nie	Kan by primêre onderrig betrokke wees, maar slegs ná goedkeuring deur hoof van departement verantwoordelik vir module of sentrum, en nie	Geen onderrigverantwoordelikhede nie

			meer as 15% van module nie	
Sekondêre onderrig	Geen onderrigverantwoordelikhede nie	Geen onderrigverantwoordelikhede nie	Kan by sekondêre onderrig betrokke wees, maar slegs met formele goedkeuring van dosent verantwoordelik vir module	Geen onderrigverantwoordelikhede nie
Aanvullende onderrig	Geen onderrigverantwoordelikhede nie	Ondersteuning van studente tydens praktiese klasse, die fasilitering van kleingroepbesprekings, die lei van studente om voorgeskrewe probleme/oefeninge op te los, en studentekonsultasies	Dieselfde as leerassistent	Geen onderrigverantwoordelikhede nie
Formatiewe assessering	Geen assesseringsverantwoordelikhede nie	Leerassistente kan formatiewe assesserings hanteer, maar dit moet voorberei word deur die dosent wat vir die module verantwoordelik	Dieselfde as leerassistent Onderrigassistente mag verder formatiewe oefeninge en	Dieselfde as leerassistent Assesseringsassistente mag verder formatiewe oefeninge en oplossings ontwikkel, maar mag dit slegs toepas wanneer dit bespreek is met

		is. Terugvoer aan studente mag slegs gegee word nadat dit met die dosent bespreek is of deur die dosent verskaf word	oplossings ontwikkel, maar mag dit slegs toepas wanneer dit bespreek is met die dosent wat vir die module verantwoordelik is	die dosent wat vir die module verantwoordelik is
Summatiewe assessering	Geen assesseringsverantwoordelikhede nie	Geen assesseringsverantwoordelikhede nie	Kan dosent ondersteun deur beperkte nasienwerk van summatiewe assessering, maar slegs nadat die toepaslike assesseringsopleiding voltooi is Fakulteite moet die perke van deelname aan nasienwerk spesifiseer	Kan dosent ondersteun deur summatiewe assessering na te sien, maar slegs nadat die toepaslike assesseringsopleiding voltooi is. Die nasien van assesserings moet onder toesig en met die nodige moderering deur die verantwoordelike dosent gedoen word.
Materiaalontwikkeling	Geen materiaalontwikkelingsverantwoordelikhede nie	Alle materiaal wat deur leerassistent gebruik word, moet ontwikkel	Onderrigassistent mag tot die ontwikkeling van	Geen materiaalontwikkelingsverantwoordelikhede nie



		word deur die dosent wat vir die module verantwoordelik is	leermateriaal bydra, maar die materiaal moet voor verspreiding deur die verantwoordelike dosent goedgekeur word	
--	--	--	--	--